# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "...Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Maart 1997 | Vol. 26

## 'N GOD GENAAMD: VERANDERING

Van liefde was daar geen sprake nie. Die antieke heidense volke het hulle gode gevrees en nie uit liefde gedien nie. Die afgode sou, na bewering, magte en kragte hê wat in woede kom uitbreek teen die mens. Daarom moes die gode gepaai en gepamperlang word. Soos 'n honger dier het die afgode mense verslind. Wat die gode gevra het, het die gode gekry. Geen offer sou te hoog wees om die gode gelukkig te hou nie - selfs die gruwel van kinderoffers het plaasgevind. Vrees vir 'n god wat vernietigende magte sou hê, laat jou vreemde dinge aanvang. Dit laat jou van dinge afskeid neem (en selfs doodmaak) waaraan jy geheg is. 'n Vretende vrees wat die deurslag gee, kan 'n hele bevolking in kettings bind.

### Vrees vir verandering

Die antieke volke is 'n tydige herinnering aan wat die mag van afgodery is. Vandag is daar nog vele vasgevang in die greep van 'n god genaamd Verandering. Dit word dikwels gehoor dat die mens van vandag 'n vrees het vir verandering. In ons tyd is dit nogal aktueel, veral waar die mense begin agterkom dat met die ANC se rewolusionêre oorname (en optrede) steeds meer as net 'n regeringsverandering plaasgevind het - daar het 'n totale orde-verandering gekom. 'n Vreemde orde met nuwe reëls.

Afgesien daarvan het die verandering op tegnologiese gebied astronomies geword. Mense wat nog met die ossewa nagmaal gevier het, het in hulle leeftyd pendeltuie beleef, die laserstraal en die elektroniese inligtingsrewolusie (kompleet met sy sender, boodskap, dekodeerder en ontvanger). Die tempo van verandering is verbysterend. In die rekenaarwêreld kan 'n nuwe uitvinding binne maande selfs al verouderd wees. Verandering klop dramaties, vinnig en verleidend, bedreigend aan die deur - ook van die kerk.

Oplossings of maniere hoe om op hierdie klop aan die deur te antwoord, het nie uitgebly nie. Van 'n moedelose terugtrek in die ou bekende skilpaddop, tot cliché-stellings dat die verandering bestuur en beheer moet word, en dat daar geen rede tot vrees vir verandering is nie. Talle wil die kerk laat inpas en aanpas by die aandrang op verandering. En natuurlik is daar die ou staatmakerstelling: gebruik die verandering as 'n geleentheid. Maar sulke windmaker uitlatings het hoogstens maar 'n verdowende propagandistiese waarde - enige substansiële rigtinggewing bly uit. En van konserwatiewe kant word die hart vasgehou en die oë toegeknyp in die hoop dat die verandering binnekort gaan uitwoed en daar weer 'n terugkeer sal wees na die goue oue verlede. Dié hoop gaan beskaam.

### Bly en bely

Dis in hierdie verwarrende, veranderende wêreld waar gereformeerdes leef, en belangriker nog - bly en bely. Daar is 'n verskrikking vir verandering. Ignorering van die verandering bring geen oplossing nie. Die vrae na aktuele prediking, vrae na die relevansie van die kerk vandag en die krimpende kerk hier, is 'n bewys dat verandering nie geïgnoreer kan word nie. Hoe moet die gerefomeerde, die Calvinis, staan teenoor hierdie verandering wat haas elke deel en onderdeel van ons bestaan binnedring, bepaal en verander?

*In hierdie uitgawe:*


* 'N GOD GENAAMD: VERANDERING
  A.L.A. Buys .................. 1
* Skrifoordenking:
  Word kragtig in die Here
  Ds. J.H. Howell .................. 4
* DIE GEMEENSKAPLIKE BEKER BY DIE NAGMAAL
  Prof. G.J.C. Jordaan .............. 6
* CALVINISME EN AFRIKANERSKAP
  Dr. C.F.C. Coetzee .............. 8

## Onafwendbaar?

Daar is 'n verskrikking vir verandering - juis omdat dit onafwendbaar blyk. Die marxiste (wat hulle transformasie-verandering met sataniese ywer dryf) munt uit daarin om die gevoel te skep dat dit 'n historiese noodwendigheid is dat dinge in 'n sekere rigting MOET beweeg. "Adapt or die" is die dreigkreet. En die dood is mos darem erger as die vrees om te verander. Karl Marx self kon dit nie beter vir Suid-Afrika voorgeskryf het nie. Waarom is daar hierdie verskrikking vir verandering, vir die onbekende toekoms? Waarom word toegegee aan hierdie ideologiese afdreiging?

## Bang om nie te verander nie

Die antwoord is eenvoudig: Die mens is nie vreesagtig oor verandering nie, die mens is juis doodsbang: om nie te verander nie. Hierdie tipe verandering is geen historiese gegewe nie, hierdie rigting is nie iets onafwendbaars nie. Dis 'n afgod. 'n Afgod wat rook en dreiging blaas. En 'n afgod wat offers vra. 'n Afgod wat met die dood dreig as daar nie aan sy eise voldoen word nie. Verandering is 'n afgod wat tans al sy offers kry - ook van gereformeerdes. Verandering is 'n afgod wat vele volke hier aan kettings van vrees bind.

Ons is bang vir wat sal gebeur as ons nie verander nie. Ons is vreesbevange vir wat sal gebeur as ons nie (gewillig of dwangmatig) verander nie. En ons vrees kom voort uit die feit dat ons nie weet wat moet gebeur nie. Die neo-marxiste voer hulle verandering deur met 'n heilige erns vir die afgod en vee alles voor hulle voete uit die weg. Die inligtingsprofete en priesters-van-verandering probeer om so veel as moontlik en so vinnig as moontlik op die golf te ry in die hoop dat die gewillige onderwerping heil sal aanbring. Maar afgode kan nie red nie. Hulle kom uit mensehande en hulle verslaaf die mens. Deur die satan se strik vernietig die mens homself met sy vrees vir sy god.

## Bankrot

Dis op hierdie punt dat ons die skokkende moet sê: die gereformeerde denke in Suid Afrika het meerendeels bankrot geword. Die neo-marxistiese sosialiste weet presies wat hulle met die samelewing gaan doen (al verskil hulle in nuanses van mekaar). Weet ons nog wat God se wil vir die samelewing is? Is dit enigsins ons ywer om dit uit te voer? Beskou ons dit as prakties uitvoerbaar om God te dien soos wat Hy dit wil hê in 'n moderne ekonomie? Is ons bereid om byvoorbeeld die hele ekonomie te verander (reformeer) as God se wil dit vereis? Of is ons net tevrede om van ons eie persoonlike saligheid te hoor? Dit laat mens wonder of dit nie van ons gesê kan word dat ons die volgende stelling waar maak nie: Die kerk vir Christus, die res vir satan.

Ons weet waarvan ons nie hou nie, maar weet ons wat moet gebeur? Begeer ons nog God se wil vir ons bestaan? Ons beleef die verandering wat op ons afgedruk word as negatief maar onderwerp ons ons tog daaraan? Hoekom? Omdat ons nie weet wat móét gebeur nie. Die gereformeerde denke het sy ywer verloor om God se skepping na God se wil te reformeer. Van die ou strydkreet "elke duim grond is God s'n" het haas niks oorgebly nie. Pragmatisme het die gereformeerde denke uitgekalwe. Ons het bly vassteek by wat verkeerd is.

## Bewyse

Om die bankkrotskap te bewys, kan die volgende voorbeelde genoem word:

* As dit by stakings kom, kan ons gou sê dat ons "toi-toi" nie kan verdra nie. Maar het ons antwoorde op vrae soos wat 'n billike werksweek is? Hoe moet die verhouding werker-werkgewer gereël word? Wat sê gereformeerdes oor skofwerk?
* Ons hou nie daarvan as vakbonde praat van minimum-lone vir die bediendes nie. Maar het ons antwoorde oor wat regverdige besoldiging is? Weet die gemiddelde gereformeerde wat word bedoel met die produktiwiteitsdebat?
* Ons hou nie daarvan as die regering in die skole en universiteite inmeng nie. Hou ons net nie van hulle beleid nie, of is ons gekant teen enige staatsinmenging in die skool omdat dit vir ons 'n beginsel is? Sê die gereformeerdes dat die skool 'n unieke lewensverband is?
* Ons hou nie van hoë belastings nie, en kla steen en been daaroor. Het ons al gedink, geskryf en gesê wat God verwag met betrekking tot die owerheid se plig tot belasting? Want die keiser kan ook steel!
* Ons is teen geweld gekant as dit ons raak. Hoeveel gereformeerdes het gerou toe ons land besluit het om kinders met staatsgeld te begin vermoor (aborsie)? Pla geweld ons enigsins as dit in 'n plakkerskamp plaasvind, of kom daar dan vindingryke rassisme tot die redding?
* Hoeveel gereformeerdes is besorg daaroor dat God se rusdag ontheilig word in die werkplek? Hoeveel van ons skryf ingenieursfoute (wat fabrieke bou om aanmekaar te werk) nog steeds af as dat "die ratte van die nywerheid sewe dae moet loop"?
* Ons is verbaas en verskrik oor wat die rekenaar en elektroniese inligting as moontlikhede bied. Wie het ons al geleer dat tegnologie 'n werktuig in die mens se hand is en nie 'n baas wat alles moet oorheers nie? Ons het slawe van ons eie uitvindings geword. Ons word geleef. Wat het in die rekenaarbedryf van die belydenis van Christus se redding en koningskap geword?
* As dit by arbeidsverhoudinge kom, is daar die nuutste Amerikaanse, Europese en Japanse modelle ingevoer om die werkers gelukkiger te maak sodat hulle meer geld kan maak. Waar is die gereformeerde stem om te sê wat verwag God hoe moet die werkplek tot sy eer lyk? Na die Wiehann-verslag in

die tagtigs het die rewolusie via die werkplek ons oorspoel. Ons het nou nog nie 'n antwoord daarop nie.

⋆ Hoeveel van ons noem onsself - wat na God se beeld en gelykenis geskape is - sonder om te blik of te bloos "verbruikers", asof die somtotaal van die mens se bestaan verorberende ekonomiese aktiwiteit is?

⋆ Hoe lank moet ons nog wag voordat die Calviniste nie net sê dat kapitalisme 'n verderflike euwel is nie, maar ook skriftuurlik begin dink oor hoe God die samelewing wil sien? Dis ook nie genoeg om sosialisme af te maak as god-loos nie. Natuurlik is dit, maar hoe lyk 'n ekonomiese stelsel waar Christus se koningskap geëer word?

⋆ Baie is ontstig oor grondverdeling. Besef ons dat daar naas tradisionele (emosionele) nasionalistiese uitsprake geen belydenis op tafel is oor wat ons glo God in die Skrif oor grond en bewoning sê nie? Wie praat nog in die politiek van die mens se kultuuropdrag?

⋆ Die politiek is nog steeds gepla oor beleid en nie soseer belydenis nie. Word die belydenis nog enigsins as relevant beskou in die vergadersale?

⋆ Dit lyk of die gereformeerde denke net daarin belangstel om teologies kerklik (soteriologies) te probeer oorleef, met hier en daar 'n etiese korreksiekie op die gruwelikste uitwasse van ons tyd. Dit is nie goed genoeg nie.

## Die antwoord is nee

Stel die gereformeerde denke werklik belang om die samelewing te hervorm?

'n Eerlike antwoord is "nee", ons doen dit nie. Ons is te bang om nie te verander nie. Ons is bang 'n afgod maak ons dood. Vrees om nie te verander nie is nie versoenbaar met die geloof in Jesus Christus nie. Voordat hierdie veranderingsgod nie stukkend geslaan word nie, sal die situasie ook nie verbeter nie. Wie vrees om nie te verander nie, sal nooit reformeer nie.

God verwag 'n ander tipe verandering. Deur die Woord en Gees sê God wat moet gebeur. As die gereformeerdes weer helderheid kry oor waarheen die samelewing moet gaan, en waar die trein van die spoor afgegaan het, sal ons weer ons krag terugkry. Laat ons nie naïef wees en dink ons gaan die Marxistiese rewolusie stuit met 'n opgewarmde nasionalisme nie. Daar is ingrypende vernuwende denke nodig vir elke lewensfeer. Christus het vir sy uitverkorenes gesterf om sy volkome verlossing ook oor die hele skepping te laat blyk. Is dit nog ons erns? Pla dit ons dat ons intellektueel bankrot is, dat ons, soos ons tans aangaan, meerendeels, hou vir hou, nie deurtastende antwoorde teen die rewolusionêres het nie? En dit is ongelukkig nie meer genoeg om hulle af te maak as goddelose swape nie. Hulle het werklike (politieke, militêre en eersdaags ekonomiese) mag, en hulle is vas van plan om hierdie streek onherkenbaar te verander vir hulle afgod.

Christus se dood en opstanding dring die kerk om verantwoording te gee oor Sy verlossing op alle lewensterreine. Ons moet positiewe antwoorde skriftuurlik begin uitdink. Dis die enigste pad. 'n Harde en steil pad, maar tog klimbaar. Die verandering wat tans skynbaar onafwendbaar op ons afstorm, is nie 'n wet van God nie. Nie alle verandering is 'n "moet" nie. Inteendeel, die vernuwing wat die Heilige Gees bewerk, die ware verandering wat die Gees van Christus teweegbring, staan in skril kontras met hierdie afgod "Verandering".

## Roeping

Wat is die oplossing? Dis die verkeerde vraag. Wat is ons roeping? Wat wil God sien moet gebeur in die samelewing? Daarvoor moet ons ons denke, ons energie, ons gebede, en as dit daarop neerkom, ons bloed gee. Christus die Koning se eer bo alles. Daar wag 'n bekeringsweg vir baie gereformeerdes. Of hulle die liefde vir God daartoe gaan hê, is 'n ander vraag.

Laat die vuur van reformasie wat die Heilige Gees aansteek, weer in ons harte begin brand, in ons monde wees en ons hande en voete rig. Vergeet die afgod "Verandering". In Christus moet ons so besig wees om sy skepping tot sy eer te beheers dat ons nie tyd sal hê om verandering te vrees nie. Hier is die kruispad: afgodiese vrees om nie te verander nie, OF vrees vir God om wel te verander ter wille van Jesus Christus. Vreeslike offers aan 'n afgod OF dankbare offers aan die lewende Here. Vrees oor die onbekende of vertroue omdat ons weet wat God wil sien gebeur.

## Magtige ideaal

Gereformeerdes sal kragte moet begin saamsnoer. Ons sal ordelik moet begin "dink"- verenigings, partye, vakbonde, skole, dalk weer 'n universiteit moet oprig. Daar moet nie net gereformeerdes in die samelewing wees nie, ons moet gereformeerd belydend optree in die samelewing. In kort - 'n hervormde samelewing, wat 'n staat insluit, moet gebore word. 'n Magtige ideaal. Wie in Christus se opstanding kan glo - feitlik onmoontlik, maar tog het dit gebeur - kan ook in samelewingreformasie glo.

Vrees of liefde - wat sal ons antwoord wees? Ware liefde tot God sal die HERE se wil soek in sy hele skepping om Hom te behaag. Dis die kruispad van reformasie, want dis die enigste pad vanaf Christus se kruis.

**A.L.A. Buys.**

A.L.A. Buys.

## Skrifoordenking

# WORD KRAGTIG IN DIE HERE

Ef 6:10-11: *"Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterke. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel."*

Daar is mense wat die nuwe jaar met loodvoete tegemoet gegaan het. Hulle is nie eers lus vir dit wat voorlê nie. Hulle sien nie eers werklik kans vir die toekoms nie. Hoe behoort ons as gelowiges die jaar tegemoet te gaan? Wat behoort ons te dring? Ook in die tye wanneer ons soms moedeloss en met vrae in die hart gaan rondloop? En daar is maar net een opdrag: ons gaan die jaar tegemoet met God se opdrag, met God se roeping in die ore. Roepingsbewus en daarom met afwagting en verwagting om te sien waarnatoe die Here met ons op pad is, en wat Hy in hierdie jaar van ons vra. 'n Jaar met geleenthede om diens aan God en sy koninkryk te mag lewer.

God roep ons tot getroue diens en God gee die krag om getrou te kan bly. Die 83-vertaling sê: "Soek julle krag in die Here." Die Here is die Bron van alle krag. Die brief aan die Efesiërs moes destyds aan al die Christene in die gemeentes van Klein-Asië gelees word. In die kerk van die Here, ook vandag, moet elke gelowige hoor: julle behoort aan die Here. Daarvan lees mens in die begin van die brief. In Ef 1:5 lees ons al dat Hy in sy liefde ons volgens sy genadige beskikking, bestem het om deur Jesus Christus sy kinders te wees. Wat 'n onverdiende voorreg ... 'n genadevoorreg. Ons behoort aan Hom. Hy is ons Hoof, die Koning van die kerk. En juis dáárom, omdat ons aan Hom behoort, het ons 'n taak en 'n roeping in die wêreld. Die kerk van die Here moet ook vir Hom lewe.

Die meeste christene aan wie hierdie brief daar heel aan die begin gerig was, het maar pas tot geloof gekom. Hulle was voorheen heidene wat God en sy gebod nie geken het nie. Vir hulle was dit moeilik om hulle geloof uit te leef. Hulle geloof het, soos vandag, van hulle geweldige opofferings gevra. Hulle was maar 'n handjievol gelowiges tussen 'n massa ongelowiges. Hulle ongelowige vriende van vroeër het die rug op hulle gedraai. En dit omdat hulle nie meer soos vroeër geleef het nie. Die ou vriende was steeds heidene wat voortgegaan het met hulle ou leefwyse - op pad na die ewige verderf. Maar die klein ou groepie wat tot geloof gekom het, se lewens het totaal verander. Daarom het hulle uitgestaan. Hulle het nie meer ingepas by die heidense samelewing rondom hulle nie.

Daarom skryf Paulus onder leiding van die Heilige Gees hierdie brief. Hulle moes vashou aan hulle uitverkiesing, aan hulle kindskap. Aan die feit dat hulle in Jesus Christus God se kinders is. Uit genade is julle gered. Christus het vir julle aan die kruis gestref. Julle is bevoorregte uitverkorenes. Daarom moet julle getrou aan die Here lewe.

Maar hoe was dit vir hulle moontlik om getrou te kon bly? Hulle het dan soms so moedeloos geword. Hulle was altyd stroom-op en ongewild onder die heidene en hulle is daarom beskinder en valslik van dinge beskuldig. Hoe sou hulle in die geloof kon bly volhard? En daar is maar een antwoord: "Soek julle krag in die Here en in sy groot mag."

Dit is die Here wat ons in staat stel om Hom na te volg. Hy gee aan ons die vermoë om vir Hom te kan lewe. Ons wat lewe met die sekerheid dat Jesus Christus aarde toe gekom het. Ons vir wie se sondes Hy aan die kruis betaal het. Al beproef Hy ons soms. Al is ons lewenspaaie nie altyd maanskyn en rose nie. Tog bewaar en beskerm Hy ons met sy krag.

Sy krag stel ons in staat om te kan verander. Dáár te verander waar die vlekke en moddermerke van die sonde nog ons lewens bevuil en ontsier. Maar sy krag stel ons in staat om die goeie te behou. Om aan te hou met die dinge wat goed en reg in sy oë is. Deur die Heilige Gees verander Hy ons om al meer te lewe soos Hy ons wil hê. In Ef 5:27 se woorde, om te wees "sonder vlek of rimpel of iets dergliks, heilig en onberispelik". Hy gee aan ons die krag om vas te hou aan die dinge waarin en waaraan ons vas glo.

By God alleen vind ons ons krag. Ons hoor van die krag van die Here, maar ook dat ons kragtig moet word in die Here. Dat ons ons krag by Hom moet soek. Aan die een kant: God se werk, aan die ander kant: die mens se verantwoordelikheid. In myself en uit eie krag kan ek nie kies om vir die Here te lewe nie. Dit is Hy wat my deur sy gees ombuig en daartoe bring om vir Hom te lewe. Juis daarom soek ons ons krag in die Here. Nêrens anders nie. Nie my eie krag nie. In myself is ek tog niks. Dit het die heidene destyds ook geweet. Daarom het hulle so baie afgode gehad, en gehoop dat hulle al die moontlike gode tog gelukkig sou hou.

Nou weet dié wat glo dat Jesus Christus hulle Verlosser en Saligmaker is, dat hulle die ewige lewe sal beërwe. Geen ander god of afgod kan verlossing van sondes en die ewige lewe bewerk nie. Hulle is almal maar blote maaksels van die satan.

Maar die Here se kinders, hulle glo en daarom soek hulle. En dit omdat hulle deel het aan God se genade. Omdat hulle uitverkies is, soek hulle. Daarom dra hulle vrugte wat by die bekering pas. Daarom kom hulle hulle roeping in die lewe na. 'n Kind van die Here sorg dat hy sy krag in die Here vind.

Destyds het die gelowiges in Klein-Asië gesien en ervaar hoedat die Here hulle sterk gemaak het. Hy het hulle in staat gestel om 'm totaal nuwe lewensrigting in te slaan. Weg van die heidense gewoontes. Nie meer burgers van die ryk van satan nie, maar burgers van die koninkryk van God. God is magtig om te doen meer as wat ons bid of dink (Ef 3:20)

Tog het ons steeds 'n taak. Ons moet aantrek. God gee alles, maar ons moet aantrek vir die stryd. En wanneer ons aantrek moet ons niks weglaat wat God vir ons gee om aan te trek vir die stryd nie. En Hy gee die volle wapenrusting. Alles wat ons nodig het. Die Woord praat van oorlog, van stryd tussen geloof en ongeloof. 'n Stryd wat ook openlik al groter hier in ons eie land gaan word. Die skyn van christelikheid wat vir soveel jare in ons land vertoon is, gaan al meer en meer afgegooi word. Die praktyk gaan wys of mense waarlik christelik is. Mense wat nie probeer om die Woord aan te pas by hulle nukke en grille en by dit wat vir hulle gemaklik en gerieflik is nie. Weg is 'n regering wat ons christelike waardes teen onsedelikheid en laster en aborsie op aanvraag en Sondagsport en Sondaghandel met wetgewing beskerm het. Nou hang dit ál meer van myself af. Wie is ek? Hoe gaan ek steeds my lig in hierdie wêreld laat skyn?

Die stryd gaan al hewiger word. En vir hierdie stryd gaan ons baie krag en genade en bystand van die Here nodig hê. Krag om staande te kan bly teen die aanslae van die satan. Daarom: word kragtig in die Here. Die duiwel gaan alles in sy vermoë doen om ons weg van die Here en na die ewige hel toe saam te trek. Dit is immers sy doel met alle mense op aarde. Hy wil net verwoes en skade doen. En hy ken geen reëls nie. Hy gebruik en misbruik alles moontlik om sy doel te bereik. Hy is slinks en skelm, agteraf en bedrieglik. Hy ontsien niks en niemand nie. Hy doen homself voor as 'n engel van die lig. Hy deurspek die leuen sò met die waarheid dat die leuen selfs aanvaarbaar en reg lyk. Selfs die Bybel probeer hy verdraai om sy eie idees te verkondig. Hy gee voor dat 'n mens, deur die verkeerde te doen, die goeie kan bereik. Voorwaar 'n magtige vyand. In eie krag kan ons niks teen hom vermag nie, daarom moet ons ons krag in die Here soek en in sy groot mag.

Ons moet die wapenuitrusting aantrek om dit te gebruik. 'n Oorlog kan nie gewen word as die soldate nie hulle gevegstoerusting gebruik nie. 'n Geweer in 'n kluis beteken in 'n oorlog net soveel as geen geweer nie. In Rom 8 staan dat ons meer as oorwinnaars is. Die oorwinning staan vas, maar die finale doodsteek het die satan nog nie ontvang nie. Daarom mag ons nooit vergeet dat die stryd hewig en fel gaan woed nie. Trouens, die stryd gaan al feller en hewiger word. Tot op die dag van die wederkoms sal die satan alles in sy vermoë doen om God en sy kerk skade aan te doen. Daarop lê hy hom met oorgawe toe.

Almal is teen wil en dank in 'n geveg betrokke. 'n Geveg tot die dood toe. En daarvoor moet ons ons krag by die Here soek, anders sal ons die stryd verloor.

Hoe weet 'n mens dat jy jou krag by die Here soek? Sodra jy toetree tot die stryd. Nie een van ons kan sê: ek het my deel gedoen nou tree ek af nie. Ek kan nie sê: die ander moet nou oorneem sodat ek kan terugsit nie. Wat wel verander, is die terrein waarop ons veg. Almal kan nie op die voorposte staan nie. Ons word ouer. Ons omstandighede verander. Maar die stryd woed voort, tot op die laaste dag. Maar hoe kan ons getrou bly in hierdie stryd?

Alleen as ons ons krag by God vind kan ons getrou bly. As ons die volle wapenrusting van God aantrek, sal ons getrou en staande bly. As ek my krag op die regte plek kry - by die Here kry - sal ek op my pos bly in die lewe van elke dag.

Soos 'n soldaat vooraf seker maak dat al sy toerusting reg is voordat hy die geveg binnegaan, moet ons onsself gaan ondersoek. Ons het die volle wapenrusting van God vir die geveg nodig.

Het ek alles aangetrek? As ek sekere dele weglaat, gaan ek moeilikheid optel. Die satan sal gou agterkom waar my swakplekke is. En daar slaan hy hard en vinnig en genadeloos toe. Moenie dink dat hy ooit 'n geleentheid laat verbygaan om skade te doen nie. God gee alles wat ons nodig het vir die stryd (Ef 6:14-17), maar ons moet dit aantrek en gebruik. En daarvoor moet ons opkyk na God om ons krag by Hom te vind. As die geveg uitbreek, wys 'n soldaat gou met watter hartsgesindheid hy veg, waar hy sy krag vandaan kry. As ons ons krag in die Here vind, dan sal ons getrou aan Hom ons roeping uitlewe. Nie op my pos soos 'n standbeeld wat uiterlik daar staan nie, kliphard en koud en dood. Maar ons moet op ons pos wees ... lewend, vegtend, getrou en standvastig besig met die taak en opdrag.

In die Here se onvernietigbare en oneindige krag kan ons die jaar tegemoet gaan. Bewus van ons eie onvermoë, maar juis daarom: Ek soek my krag in die Here en in sy groot mag. Dan gaan ons die toekoms met sekerheid tegemoet. Ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat aan ons die krag gee.

**Ds. J.H. Howell**

* * * * *

# DIE GEMEENSKAPLIKE BEKER BY DIE NAGMAAL

Prof. G.J.C. Jordaan

Die wyn by die nagmaal is 'n teken van die bloed van die verbond, en die gemeenskaplike beker is 'n teken van die nuwe verbond, naamlik die een offer wat die sondes van baie wegneem. Dit is dus duidelik wat Jesus bedoel met die woorde: "Hierdie beker is die NUWE VERBOND IN MY BLOED". Die feit dat die dissipels toe uit een gemeenskaplike beker gedrink het, kan dus nie verklaar word as 'n blote (terloopse) gebruik van daardie tyd nie. Daar is selfs aanduidings dat dit teen die gebruik van daardie tyd ingegaan het. Jesus wou uitdruklik hê dat hulle uit 'n gemeenskaplike beker moes drink, om as teken van die nuwe verbond te dien. Dat dit Jesus se uitdruklike bedoeling was, word bevestig deur die volgende: Jesus se woorde by die uitdeel van die beker soos Matteus dit berig, is "drink almal daaruit". Die uitdruklike byvoeging van die byvoeglike naamwoord "almal" tot sy bevel dui dat sy opdrag was dat almal uit die beker moes drink.

## Een en almal

Markus se weergawe benadruk die feit dat almal uit die beker gedrink het. Anders as Matteus, gee Markus nie die opdrag nie, maar vermeld slegs die historiese feit dat hulle almal daaruit gedrink het. Die woordorde in hierdie sin is van besondere belang. Markus plaas die woord "almal" reg aan die einde van die sin, waar dit sterk beklemtoon is. Dit blyk uit 'n bestudering van Markus se plasing van die voornaamvoord "alles" as onderwerp van die sin elders in sy evangelie. Die beklemtoning van ALMAL uit die EEN word in Matteus en Markus se weergawes verder versterk deur die naasmekaarstelling van teëpole wat bewerkstellig word deur die naasmekaarstelling van een beker (enkelvoud) en almal (meervoud). Die daaropvolgende woorde van Jesus beklemtoon dit ook, naamlik dat Jesus se bloed (enkelvoud) uitgegiet word vir baie (meervoud).

Volgens Mat 26:27 het Jesus, nadat Hy die beker aangegee het, opdrag gegee dat almal DAARUIT moet drink. Die woorde kan moontlik vertaal word as "drink almal daaruit" (d.w.s. uit die beker) of "drink almal daarvan" (m.a.w. van die wyn). Uit die Grieks is dit egter duidelik dat die eerste moontlikheid gekies moet word ("uit die beker"). Jesus se bedoeling was dat hulle UIT die BEKER moes drink.

## Deel met mekaar

Ook in Luk 22:17 bevestig Jesus se woorde: "Neem dit en deel dit onder julle" dat Hy uitdruklik aan sy dissipels opdrag gegee het om almal uit dieselfde beker te drink. Daar is verskillende vertalingsmoontlikhede van die opdrag naamlik "deel, verdeel en versprei". Daar is egter 'n nuanseverskil tussen die aktiewe en medium vorm van die woord. Laasgenoemde dui op "verdeel onder mekaar" soos die verdeling van Jesus se klere aan die kruis. Die aktiewe vorm daarenteen dui op "met iemand deel". By die instelling van die nagmaal sê Jesus dus nie dat sy dissipels die beker onder mekaar moet verdeel nie, maar dat hulle dit met mekaar moet deel, d.w.s. dat almal gemeenskaplik uit die beker moes drink.

Beide Matteus en Markus berig dat Jesus die beker geneem het ("opgetel het"). Daarmee word die moontlikheid uit die weg geruim dat die beker die erdebak was wat gewoonlik by Palestynse maaltye volgemaak op die tafel gestaan het waaruit elkeen kon skep. Die beker by die nagmaal was 'n drinkbeker wat opgetel en aangegee kon word. Dit word bevestig deur die beskrywing in Luk 22:17, waarvolgens Jesus, nadat Hy die beker geseën het, vir sy dissiples gesê het: "Neem dit". Jesus oorhandig die beker aan sy dissipels om verder aktief daarmee te handel.

## Simboliek

Volgens die beskrywing van Lukas en Paulus het Jesus, nadat Hy die beker geneem het, gesê: "HIERDIE beker is die nuwe testament in my bloed." Hy heg dus simboliese waarde aan die beker wat Hy in sy hand het. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die dissipels dan nie met daardie selfde beker verder aktief sou handel nie. Die argument dat Jesus se woorde nie na die beker in sy hand verwys nie, aangesien dit nie na die instelling van die nagmaal verwys nie, maar na 'n (agterna)-verduideliking van die nagmaal, is onaanvaarbaar, om die volgende redes:

* daarmee sou geïmpliseer word dat die dissipels al klaar gedrink het voordat Jesus aan hulle verduidelik het waarmee hulle nou besig was. So iets sou in stryd wees met die hele instelling van die nagmaal.
* om te argumenteer dat Matteus-Markus na 'n beker "tydens" die ete verwys, is ongeldig. Matteus-Markus se verwysing na "tydens" die ete het duidelik betrekking op die brood; die beker word eers daarna vermeld.
* dat die twee vermeldings van die bekers in Luk 22 nie na twee verskillende gebeurtenisse (die instelling en 'n latere verduideliking) verwys nie, blyk uit Lukas se dubbele verwysing na die beker.

Lukas se weergawe van die instellingsberigte is ietwat gekompliseerd, aangesien dit twee afsonderlike verwysings na die beker bevat (Luk 22:17,18 en 20). Hieruit is al afgelei dat Lukas na twee afsonderlike gebeurtenisse verwys: die instelling van die bekerteken by die nagmaal (v 17,18) en die

verduideliking van die bekerteken (v 19,20). Hiermee saam hang ook die ingewikkelde teksvariasie wat by die perikoop in Lukas voorkom, waarvan die tweede vermelding van die beker (v19,20) by sommige ontbreek. Ons aanvaar (saam met die Textus Receptus en die United Bible Society-teks) wel die teenwoordigheid van vers 19-20.

## Koninkryk

Dit is duidelik dat Lukas sy berig van die instelling van die nagmaal in Luk 22:15-20 in 'n besliste gedagtestruktuur orden, naamlik in 'n dubbele parallellie. In vers 15-18 word die eerste twee tekens "eet en drink" agtereenvolgens in verband gebring met die Koninkryk. In vers 19-20 word die teken van "brood en beker" verbondsmatig verklaar. Die brood is "my liggaam" en die beker is die "die nuwe verbond in my bloed".

Die dubbele vermelding van albei maak dit reeds duidelik dat Lukas nie 'n chronologiese weergawe van die instelling wil gee nie, maar die gebeure tematies behandel. Ook die feit dat Lukas, so opvallend anders as Matteus en Markus, Jesus se woorde "Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie" reeds voor die breking van die brood vermeld, bevestig dat hy nie 'n chronologiese weergawe bied nie.

Deur die dubbele parallellie bring Lukas tematies eers albei tekens in verband met die voleinding (koms) van die Koninkryk, en dui dan die onderskeie betekenis aan van die twee tekens. Dit is opvallend dat Jesus aan albei die tekens 'n verbondsmatige betekenis verleen:

- Van die brood wat gebreek word, sê Hy: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. Die "vir julle" en die "gedagtenis"- opdrag hou direk verband met God se verbondsbeloftes (vgl. ook die pasga as herinneringsmaaltyd).
- Van die beker sê Hy: "Dit is die nuwe verbond in my bloed."

Deur die brood en die beker eers met die koninkryk en daarna met die verbond in verband te bring, word die onlosmaaklike verband tussen verbond en koninkryk bevestig. Regdeur die Skrif is koninkryk en verbond immers onlosmaaklik aan mekaar verbind.

## Die betekenis van "vrug van die wingerdstok"

Wanneer die Here Jesus aldus Luk 22:18 en Mat 26:29 aan sy dissipels sê dat Hy beslis nie weer "van hierdie vrug van die wingerdstok" saam met hulle sal drink nie totdat Hy dit saam met hulle in die Koninkryk van sy Vader nuut sal drink, gaan dit duidelik vir Hom nie maar net oor die soort drank by die nagmaal nie, hoewel 'n mens kan aanvaar dat die beker met wyn gevul was (dit was immers winter en daar was geen manier waarop gewone druiwesap van die vorige seisoen af gepreserveer kon word nie). Dit is opvallend dat Jesus nie na wyn verwys nie, maar uitdruklik na die "vrug van die wingerdstok". Dit sou nie so opvallend gewees het nie as Hy nie die ongewone uitdrukking gebruik het nie.

## Verbondsimbool

Daarmee dui Hy aan dat dit om meer gaan as die blote wyn, dat Hy aan die "vrug van die wingerdstok" simboliese betekenis heg. 'n Aanduiding van die simboliese betekenis word in die volgende gevind:

(1) In sy prediking direk voor die instelling van die nagmaal (Joh 15:1-8) het Jesus die wingerdstok gebruik as simbool om die innige gemeenskap tussen Hom en sy dissipels aan te dui: Ek is die wingerdstok, julle die lote.
(2) Joh 15:1-8 vind op sy beurt aansluiting by Psalm 80, waar die wingerdstok gebruik word as simbool van God se verbondsvolk. Die "vrug van die wingerdstok" word dus by die nagmaal gebruik as simbool van die innige verbondsgemeenskap tussen God en die gelowiges.
(3) Jesus sê dat Hy dit eers weer eendag "in die koninkryk van die Vader" saam met sy dissipels sal geniet. Daaruit is dit duidelik dat die drink van die vrug van die wingerdstok heenwys na 'n eskatologiese vervulling van die gemeenskap tussen die Here en die gelowiges in die voleinding.

Dit gaan dus in hierdie deel nie oor wat of waaruit ons drink nie, maar oor wat ons eindbestemming in die nuwe verbond van sy bloed is. Die uitbeelding van die eenheid tussen Christus en sy dissipels as een wingerdstok met baie lote, sluit aan by die een beker waaruit baie (almal) moet drink.

## Die nagmaal as 'n herinneringsmaaltyd

Volgens 1 Kor 11:25 het Jesus, toe Hy die beker aangegee het, gesê: Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis". Die nagmaal is 'n herinneringsmaaltyd wat die gelowiges laat terugdink aan die kruisdood van die Here en die heilsbetekenis daarvan. Dit is opmerklik dat Jesus sê dat hierdie herinnering plaasvind "so dikwels as julle daaruit drink". In die Grieks gebruik Hy die onbepaalde konstruksie. Daarmee dui Hy aan dat die herinnering nie net vir die beker daar by die instelling geld nie, maar vir elke keer daarna (onbepaald) wanneer die nagmaal plaasvind.

Hieruit is dit duidelik dat die betekenis van die gemeenskaplike beker, soos hierbo aangedui, nie net gegeld het vir die beker wat Hy op daardie oomblik

aan sy dissipls gegee het nie, maar dat dit ook vir elke nagmaalsviering daarna sou geld. Anders gestel: die betekenis van die beker spreek nie bloot openbaringshistories uit die beker wat die dissipels destyds gemeenskaplik gedrink het tot ons vandag nie, aangesien dit as 'n herinneringsmaaltyd telkemale wanneer ons nagmaal vier, met dieselfde openbaringshsitoriese inhoud tot ons bly spreek.

## Die nagmaal is 'n verkondigingsmaaltyd.

Die nagmaal is egter nie net 'n herinneringsmaaltyd, soos Zwingli dit gesien het nie. In 1 Kor 11:26 toon Paulus aan dat die nagmaal 'n verkondigingsmaaltyd is ("so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig jule die dood van die Here tot Hy kom.")

Deur die brood en die beker by die nagmaal te eet en te drink, word die gelowiges nie net aan die kruisoffer van Christus en die heilsbetekenis daarvan herinner nie, maar verkondig hulle dit ook daadwerklik. Dit beteken dat die gelowiges deur die gebruik van die gemeenskaplike beker by die nagmaal daadwerklik dit wat deur die gemeenskaplike beker uitgebeeld word, verkondig.

Die werkwoord kan vertaal word: "verkondig julle die dood" of "verkondig die dood". Heel waarskynlik is dit 'n geval van en-en: die viering van die nagmaal is op sigself 'n verkondiging van die feit en die heilsbetekenis van die kruisdood van die Here; dit wys die gelowige egter op sy roeping om die Here se kruisdood en die heilsbetekenis daarvan te bly verkondig.

## Samevatting

Ons kan die getuienis uit die instellingsberigte soos volg saamvat. Christus het opdrag gegee dat die volgende elemente by die nagmaal onderhou moet word (a) die brood wat gebreek en uitgedeel word (b) 'n beker wyn. Die besondere betekenis van die elemente stel Hy soos volg:

* Die brood verwys na sy liggaam wat tot versoening van sondes gekruisig is.
* Die beker wyn verwys na sy bloed wat in die nuwe verbond as offer tot versoening van sondes aan die kruis gevloei het: gemeenskaplik gedrink as verwysing na die feit dat ons almal gemeenskaplik deel het aan die een offer.

Die inhoud wat Christus aan die elemente verleen, het nie net openbaringshistories by die instelling van die nagmaal gespreek nie, aangesien die elemente telkemale wanneer ons die nagmaal (as herinneringsmaaltyd) vier, met dieselfde openbaringsinhoud tot ons bly spreek. Wat die beker betref, is die bedoeling van die instellingsberig nie om liturgiese leiding te gee oor die grootte en hoeveelheid van die bekers (dieselfde geld vir die brood) nie, maar om te berig dat die Here Jesus die gemeenskaplike beker as 'n teken gegee het om die eenheid van die verbond na vore te bring. Op hierdie manier word iets van die wêredwye onsigbare eenheid van die kerk van Christus sigbaar verkondig in die gemeenskaplike beker: almal (baie) deel aan die een offer van Christus aan die kruis.

★ ★ ★ ★ ★

## CALVINISME EN AFRIKANERSKAP: Wese, verhouding, roeping.

Dr. C.F.C. Coetzee

(Inleidende voordrag gelewer by 'n Simposium van die **Forum vir Gereformeerde Afrikaners**, Potchefstroom, 21 en 22 Maart 1997)

Deur die eeue het talle van die grootste geleerdes oor hierdie onderwerp gesaghebbend geskryf. Tog is dit ook waar dat die woord "Calvinisme" in ons tyd 'n byna vergete woord geword het. Dit is ewe waar dat daar baie karikatuur-voorstellings van die Calvinisme bestaan. Die vlag dek in die meeste gevalle nie die lading nie.

Wanneer die Calvinisme gestroop word van alle wanpersepsies en karikatuur-voorstellinge, kan die stelling sonder vrees vir teëspraak gemaak word dat die Calvinisme in wese 'n godsdiens is en dan meer bepaald die suiwer Gereformeerde godsdiens. J.D. du Toit bestempel die Calvinisme as die "geweldige beginsel" waardeur almal en alles gebring word onder die gehoorsaamheid aan God en sy Woord. Greijdanus sien geen verskil tussen die wese van die Christendom en die wese van Calvinisme nie. Die Calvinisme is nie maar net 'n Calvinistiese strewe of 'n maatskaplike beweging nie, selfs nie 'n enkele lewens- en wêreldbeskouing nie. Dit is veel meer. Soos Greijdanus sê: Dit is in die eerste plek iets veel diepers, dit is die Christelike geloof en die Christelike godsdiens in sy suiwerste en beste vorm. Calvinisme kan bestempel word as die vrug van die openbaring.

In hierdie opsig is daar tussen die Calvinisme en die ander lewens- en wêreldbeskouings 'n radikale en fundamentele verskil. Die Calvinisme is nie 'n tydsproduk wat met ander ideologieë en stelsels opkom en wanneer dit sy tyd gehad het, weer verdwyn nie. Vorster sê: "Inteendeel, die Calvinisme as die mees harmonieuse en konsekwente Christendom, word deur die openbaring van God, waaruit dit opkom, uitgelig bo die tye."

By die vraag na die wese van die Calvinisme gaan dit dus in die eerste plek, en in sekere opsig alleen, om die regte kennis en die suiwer diens van God.

Van hierdie kennis sê Calvyn (Institusie I,2,1): "Nou verstaan ek onder 'kennis van God' nie alleen iets waardeur ons begrip het daarvan dat daar wel 'n God bestaan nie, maar ook iets waardeur ons kennis het van dit wat belangrik, nuttig en betaamlik is om tot sy heerlikheid van Hom te weet ... ons sal nooit die bewering maak dat God geken word waar geen godsdiens of godsvrug bestaan nie". Dit gaan dus oor die verhouding met God. Die Calvinisme ken in sy hele lewens- en wêreldbeskouing aan God almagtig die eerste plek toe. Die wese van Calvinisme is die erkenning van God se volstrekte soewereiniteit.

Hiermee hang onlosmaaklik saam die belydenis van die Skrif as onfeilbare Woord van God en die enigste reël vir geloof en lewe. Die Calvinisme wil niks anders leer as wat God in die Skrif openbaar nie. Dit beteken ook dat jy nie van Calvinisme kan praat los van die "Calvinistiese" belydenisskrifte nie.

## Calvinisme en Gereformeerde leer is sinonieme.

Wat die mensbeskouing betref, leer die Calvinisme die volstrekte verdorwenheid van die mens deur die sonde. Van hierdie sonde kan die mens alleen verlos word deur die vrymagtige genade van God in Jesus Christus. Die "twee middelste pilare" waarop die tempel van die gereformeerde (Calvinistiese) waarheid gebou is, is daarom die leer van die uitverkiesing en die genadeverbond.

Vanuit hierdie beginselbegronding in die Woord van God, gaan dit vir die Calvinis ten diepste om die eer en die diens van God. "Die Calvinisme aanvaar die Woord van God as 'n lig op sy pad hier benede, en sien hierdie wêreld as 'n skepping Gods waarvoor die versoening van Christus essensiële betekenis het. Daarom is dit nie alleen aangelê op die praktyk nie, maar vind dit sy ware betekenis eers in die strydperk van die lewe. En juis omdat die Calvinisme so absoluut op die Woord van God, wat tegelyk woord en daad is, staan; en omdat dit kragtens sy uitgangspunt en belydenis van die soewereiniteit van God die roeping van die gelowige so sterk uitbring, is die Calvinisme so daadkragtig. Met die belydenis van roeping in Christus en verantwoordelik teenoor die soewereine God tot wie se eer alle dinge gedoen moet word, het die Calvinisme die lewens- en wêreldbeskouing van stryders en helde geword" (Vorster, 1944:7)

Mag dit profeties wees dat ons op 'n dag wat in Suid-Afika afgesonder word vir die verheerliking van die humanistiese menseregte ('Menseregtedag'), besin oor 'n lewensorde waarin nie die mens in die sentrum staan nie, maar wat beheers word deur die eer en die vrees van die Here, en ons begenadigde diens aan Hom.

In die uitlewing van hierdie roeping vrees die Calvinis geen mens nie, maar God alleen. Die diens tot eer van God in dankbare gelowige roepingsvervulling geskied op elke terrein van die lewe. Die beginsel van Calvyn laat hom nie opsluit in die kerk nie. Die Calvinisme alleen bied 'n allesomvattende lewens- en wêreldbeskouing wat die ganse wêreld opeis onder die Koningskap van Christus.

## Calvinisme en Afrikanerskap, histories bekyk

Deur die genadige en voorsienige beskikking van God het hier aan die suidpunt van Afrika 'n volk gegroei uit die wortels van die Calvinisme. Jan van Riebeeck en sy mede-koloniste was belyers en draers van die suiwer Gereformeerde godsdiens, net meer as dertig jaar na die sinode van Dordrecht waar die Dordtse Leerreëls vasgestel is as belydenis van die waarheid van die uitverkiesing en die ander formuliere van eenheid opnuut bevestig is. By dieselfde sinode is die bekende Dordtse Kerkorde vasgestel as die Skriftuurlike ordereëling vir die regering van die Kerk van Christus asook opdrag gegee vir 'n nuwe vertaling van die Bybel (Statevertaling). Ons voorouers van Nederland van die 17de eeu het gekom op die stadium toe die Calvinisme aldaar die septer geswaai het oor kerk en staat, oor handel en nywerheid, oor wetenskap en kuns.

En net meer as dertig jaar na die volksplanting is hierdie Afrikanervolk in wording se geledere versterk deur die aankoms van die Franse Hugenote, ware gereformeerdes wat alles feil gehad het vir hulle protestantse geloof en bereid was om wilde seë oor te steek en die onbeskaafde wildernis van Afrika aan te durf ter wille van die behoud en uitlewing van hulle kinderlike geloof. Teen die jaar 1702 het die Hugenote byna 20% van die bevolking aan die Kaap uitgemaak en was hulle bestem om deur karakter en lewenstyl 'n besondere bydrae te lewer as deel van die Afrikanervolk.

Die Calvinistiese erfenis van die Afrikaner het egter nie ongeskonde gebly nie. As gevolg van die skeefgetrokke verhouding tussen kerk en staat, het enige politieke verandering ook deurgewerk na al die ander terreine van die volkslewe. Uiteindelik het die optrede van De Mist uitgeloop op 'n ongereformeerde verbondsbenadering ten opsigte van die onderwys. Die filantropiese humanisme van Read en Van der Kemp het ernstige nadelige gevolge gehad vir die uitdra van die suiwer evangelie en die groei van gesonde volkereverhoudinge. Die verengelsingsbeleid van Somerset vanuit die Britse imperialisme het van die kerk 'n politieke instrument gemaak en die invoer van Skotse predikante het die deur oopgemaak vir die Metodisme om die waarheid van die Gereformeerde leer in die kerk en volk te verdring. Die vrysinnigheid en rasionalisme het gelei tot die bevraagtekening van dele van die belydenis. Teen die

helfte van die negentiende eeu het daar min oorgebly van ware Calvinisme in kerk en volk.

Daar was wel 'n faksie Afrikaners wat in verset gekom het teen die Metodisme, rasionalisme en Engelse liberalisme. Hierdie verset was ten diepste religieus gemotiveer omdat hulle gevoed is deur die ou Nederlandse Calvinisme van die Dordtse Sinode wat gestalte gevind het in die leer van die uitverkiesing, die genadeverbond, die erfsonde, die volharding van die gelowiges, ens. Verder was hierdie versetbeweging gekenmerk deur 'n geweldige afkeer van Engels en Metodisme wat destyds hoogty gevier het. So was daar op kerklik-godsdienstige terrein 'n duidelike hervormingsbeweging wat helaas ook nie sonder kerkskeuring en verdeeldheid tussen volksgenote sy loop geneem het nie. Op politieke en kulturele terrein het die Groot Trek plaasgevind as verwesenliking van die Afrikaner se strewe om polities kultureel "knegte van die Allerhoogste te wees, teen die hele wêreld vry".

Teen die einde van die 19de eeu het die Calvinis-staatsman Paul Kruger soos 'n kolos in die pad van die imperialiste gaan staan en in gelowige roepingsvervulling sy God en sy volk gedien tot die einde. Die teoloog-digter-volksman Totius het die Metodisme deurgesien as mensemaaksel en die waarheid van die Calvinisme in prediking, poësie, geskrifte en op volksfeeste uitgedra.

Aan die begin van hierdie eeu het die Calvinistiese Studentevereniging 'n kragtige en positiewe bydrae gelewer om die beginsels van die Calvinisme in die volkslewe in te dra. Die driedelige "Koers in die Krisis" het 'n onberekenbare bydrae gelewer in die stormagtige tye wat die Afrikaner toe beleef het.

## Die huidige situasie

Wat is die huidige stand en invloed van die Calvinisme in ons volkslewe op die kerklike, opvoedkundige, sosiaal-maatskaplike, kulturele en politieke terreine?

Dit is baie opmerklik dat J D du Toit, wanneer hy dit het oor die verval van die Calvinisme in sy tyd, hoofsaaklik vier terreine uitsonder. In die eerste plek wys hy daarop dat die "twee middelste pilare" waarop die tempel van die gereformeerde (Calvinistiese) waarheid gebou is, naamlik die uitverkiesing en die genadeverbond, besig is om te verkrummel. Dit gaan dus vir hom om die kerklik-godsdienstige terrein en hy wys dan veral op die geweldige invloed van die Metodisme.

In die tweede plek is daar die godsdiensgelykheid wat selfs deur die predikante goedgepraat word. Du Toit verwys na 'n sekere Ds. Brummer wat al die godsdienste bestempel as splinters van een Goddelike diamant.

Die derde terrein waarop Du Toit ernstige verval van die Calvinisme bemerk, is dié van die onderwys. Hy wys op die staatskole wat deur die "seun van die Franse rewolusie", De Mist, hier ingevoer is en daartoe gelei het dat die staat skoolmeester geword het en sodoende van die Calvistiese beginsel afgewyk is waarkragtens alleen aan die ouers die reg en taak van die opvoeding van hulle kinders toekom. Verder wys hy op die verbod op die konfessionele of leerstellige onderrig, dit waaraan die vaders juis die ereplek in die skool wou toeken.

In die vierde plek wys hy op die opportunistiese politiek van sy tyd. Sewentig jaar nadat Du Toit besin het oor "Het Calvinisme en ons volk", is die prentjie op bogenoemde vier terreine net nog baie donkerder. Op kerklike terrein gedy die dwalinge van die Metodisme meer as ooit in die geweldige groei van die Charismatiese Beweging. Ook die "gereformeerde" PU vir CHO het die aanslag van die beweging nie vrygespring nie en die Calvinstiese studenteliggaam Korps is per implikasie gekaap. Die pas afgelope "Totiusweek" wat juis deur deur Korpsraad begin is as gedenkfees ter nagedagtenis aan Totius, het hoofsaaklik die vorm aangeneem van 'n charismatiese godsdiensweek, waar onder andere 'n pastoor opgetree het en nuwerwetse charismatiese gospelliedjies aan die orde van die dag was. Die Calvinis-Psalmberymer sou in sy graf omgedraai het.

Wat die kerklik-godsdienstige terrein verder betref, word die gesag van die Skrif as onfeilbare Woord van God en die Gereformeerde belydenis openlik deur teoloë soos Spangenberg bevraagteken.

Dieselfde teoloog en baie ander lewer 'n hartroerende pleidooi vir godsdiensgelykheid en die erkenning van die "waarheid" by ander godsdienste. Op die terrein van die onderwys het staatsinmenging sy toppunt bereik en is neutrale staatskole al hoe meer 'n voldonge feit. Van Christelike onderwys, om nie te praat van Gereformeerde Verbondsonderrig nie, sal daar in hierdie skole steeds minder sprake wees.

Met die uitsondering van enkele flou stemmetjies, is daar in die politiek van beginselbegronding nie sprake nie. Opportunisme en pragmatisme is aan die orde van die dag. Die klem op 'n sogenaamde waardestelsel deur politieke en ander leiers het niks met die Calvinistiese beginsels te doen nie. Sosialisme en humanistiese menseregte vorm die grondbeginsels vir die staatkunde in die nuwe Suid-Afrika. Ons sit met 'n uit-en-uit humanistiese grondwet. In die nuwe reënboognasie met sy ANC-swart-meerderheidregering is die Afrikaner polities effektief ontman. Volgens 'n professor wat self 'n groot aandeel in die skryf van die grondwet gehad het, is die leitmotif van die huidige owerheid regstelling en populisme. Dieselfde professor verklaar dat alles wat wit en Afrikaans is, instinktief met agterdog bejeën word.

Op die akker van die taal en kultuur word ewe-eens 'n geweldige aanslag beleef en voer die klein groepie stryders 'n opdraande stryd terwyl die groot menigte van die volk in weinig meer belangstel as bier, braaivleis en sport. Die materialisme en wêreldgelykvormigheid het hulle op 'n ontsettende wyse van ons mense meester gemaak. Sovele wat nie pakkette vat en hulle skielike rykdom (vir hoe lank?) gaan geniet nie, verlaat die sinkende skip deur te emigreer. Wat het van ware gelowige roepingsvervulling en dienslewering onder ons mense geword?

## Die toekoms van die Afrikaner in die lig van sy Calvinistiese erfenis

In hierdie nuwe Suid-Afrika besin ons vandag oor die Calvinisme en die toekoms van die Afrikaner. Is dit nie 'n futiele oefening nie? Sal hierdie "rara avis" ooit weer van die grond af kom?

Vanuit die wese van die Calvinisme as draer van ewige beginsels en waardes, gebou op die onveranderlike wysheid van God se Woord, gedring deur die geloof in Hom aan wie behoort alle mag in die hemel en op die aarde, kan onomwonde verklaar word dat dit ook die enigste blywende behoud en redmiddel is vir die Afrikandervolk. Die toekoms behoort aan die Calvinisme. Namate al die ander stelsels en ideologieë hulle mislukkings vermenigvuldig en hulle bankrotskap tragies aan die lig kom, sal die Calvinisme weer al hoe meer na vore tree as die enigste blywende antwoord. Wanneer die oomblik aanbreek, moet ons gereed wees. Daarom moet ons ons volk terugbring na sy wortels. Die Calvinistiese beginsels moet weer onder ons mense ingedra word.

In dié opsig wil hierdie simposium 'n beskeie bydrae lewer. Maar dit sou baie jammer wees indien hier nie iets groter gebore word nie. Die tyd om diep bekommerd maar met gevoude hande te sit, is verby. Dit is tyd om tot die daad oor te gaan (Van der Walt). Daar moet 'n program van aksie vir die toekoms uitgewerk word. Daar sal 'n dinkskrum van veel groter omvang moet wees deur mense uit 'n baie breë spektrum wat Calviniste wil wees, om die Calvinisme weer hande en voete te laat kry op elke terrein van die lewe.

Op die terrein van die politiek mag die ideaal van volkome staatkundige vryheid nooit prysgegee word nie en moet dit met geloofsmoed en volharding nagestreef word. Intussen mag ons nie toelaat dat ons politieke ontmagtiging en verslaenheid en ontnugtering ons verlam op al die ander terreine waar ons ons volk kan dien nie. Deur geskrifte en gesprekke moet die blywende beginsels van die onfeilbare Woord belig word en die betekenis daarvan vir die lewe uitgespel word. Die stryd vir die behoud van ons taal en kultuur moet met ywer en volharding voortgesit word. Die media van radio en kerklike en ander tydskrifte moet hiervoor voluit benut word.

Wat die onderwys van ons kinders betref, moet daar wyd en groot gedink word om ware gereformeerde oueronderwys tot sy reg te laat kom. Daar is op hierdie terrein reeds veel vermag, maar baie meer is nodig. Ons moet geleenthede en uitdagings aangryp en ontgin.

Bo alles sal daar op die grondvlak baie hard gewerk moet word. Ware Calviniste sal mekaar se hande moet vat oor kerk- en partypolitieke grense heen. Daar is nie meer tyd vir kleinlike vlieë-afvangery nie. Ware Calviniste is nie in die eerste plek geroep as kritici nie, maar as hervormers. Kerke van Gereformeerde belydenis sal mekaar krities-opbouend moet bystaan op die pad van ware reformasie. Die merktekens van die ware kerk moet by ons gestalte vind. Die leertug moet onverswak gehandhaaf word. Deur indringende katkisasie en gedeë Skrifprediking moet die fondament van Skrif en belydenis onvermoeid gelê word. In hierdie opsig is die Kategismusprediking onontbeerlik as die weg waarlangs leerstellige stabiliteit bevorder sal word. Die gesinslewe moet in sy ware Bybelse karakter herstel word. Ons moet ons volk sonder ophou roep tot bekering. Ons moet die jeug met ons saamneem.

Natuurlik sal dit van ons stryd en volharding, opoffering en selfverloëning vra. Maar juis daarom is ons Calviniste. Die Calviniste tel meer martelare as enige ander lewensbeskouing. Die Calvinisme het nog nooit stryd vermy nie, maar juis kragtige geloofsmoed geopenbaar. Vorster sê: "Dit het sy skoonste beslag gekry, en die grootste oorwinnings behaal daar waar alleen helde kon bestaan en offers gebring moes word, en daar waar volle vertroue op God die enige en laaste redding was."

In die eerste plek en bo alles gaan dit om dankbare roepingsvervulling in diens en tot eer van hierdie enige ware God wat ons in sy vrymagtige genade uitverkies en begiftig het met die onoorwinlike geloof, wat die onsienlike sien, wat berge versit in verbondenheid aan die Koning van alle konings, Jesus Christus ons Here. Sy diens was nog nooit tevergeefs nie, maar ewigheidswerk.

**Aan Hom al die eer.**

★ ★ ★ ★ ★

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*


# WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........

Adres: ..........

..........

..........

Poskode: ..........

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..........

Datum: .......... Handtekening: ..........

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u



GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS